Litera

Gedigte

Hennie Aucamp
Die onvoltooide selfportret (1659?) 265
Rembrandt-selfportret, 1669 265
Die Verlore Seun: Rembrandt (1662) 266
Rembrandt-ets 266

Johann Lodewyk Marais
Ouhout 267
Olifanttandestok 267
Wildegranaat 267
Gifblaar 267

N.C.T. (Nicholas) Meihuizen
Thermopylae 268
Death Fugue 268

Betsie van der Westhuizen
Slaggate en sinkplaatpad 270

W.F. (Wilhelm) Haupt
crux 272
maid of orleans 273

Magda van der Merwe
lêplaas 274

Martie Muller
Berg-op 274

H. le R. Slabbert
Keats se graf (1795-1821) 275

Haidee Kruger
She traces the slope of cheek to chin 276
How to make the word 276

Kortverhale

Gretel Wybenga
Rou 277

Gretel Wybenga
Vlerke 280

Stehan J. Myburgh
Die skilder 283

Franci Greyling
About Africa 287

Rubriek vir skeppende werk

Litera is ’n rubriek vir die publikasie van skeppende werk in al die tale wat gewoonlik in *Literator* gebruik word. Die Redaksie wil daarmee ’n geïntegreerde beeld skep van die verskeidenheid nuwe skryfwerk wat Suid-Afrikaanse skrywers kan bied.

’n Kontantprys word toegeken aan die beste bydraes wat in die loop van ’n jaar gepubliseer word. Skrywers word daarom uitgenooi om korter skeppende werk voor te lê vir plasing in hierdie rubriek. Dit kan gedigte of kortverhale wees, maar drama- of romanfragmente en eksperimentele tekste is ook welkom.

Vier kopieë van elke bydrae, in dubbelspasiëring getik, moet voorgelê word, asook ’n elektroniese kopie. Die naam en adres van die insender moet regs bo-aan die eerste blad van gekramde tekste en op elke los vel vermeld word. **Verstrek ook ’n telefoonnommer, faksnommer en e-posadres waar u bereik kan word.** Elektroniese bydraes kan gestuur word aan Susan.Lourens@nwu.ac.za

Bydraes kan gepos word aan die Hoofredakteur, *Literator,* Personeelbussie 251, Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520.

Section for creative writing

Litera is a section for the publication of creative writing in all the languages that *Literator* usually caters for. Through this section the Editorial Board wants to present an integrated image of the diversity of new writing by South Africans.

A cash prize will be awarded for the best contributions published in a specific year. Writers are therefore invited to submit shorter creative work for publication in this section. Poems and short stories are welcome, but also plays and novel fragments and experimental texts.

Four copies of each contribution, typed in double spacing, should be submitted as well as an electronic version. The name and address of the author should appear at the top right of the first page of stapled texts and on every loose sheet sent in. **Please include a telephone number, a fax number and an e-mail address where you can be contacted**. Electronic submissions can be send to Susan. Lourens@nwu.ac.za

Contributions can be posted to the Editor-in-Chief, *Literator,* Pesonnell Box 251, Bureau for Scholarly Journals, Private Bag X6001, Potchefstroom 2520.

Reglement: Litera-pryse vir kreatiewe skryfkuns

Die Redaksie van *Literator* ken jaarliks twee pryse toe vir die beste bydraes vir ’n kalenderjaar in die rubriek “Litera”. Hierdie pryse sal bekend staan as die Litera-pryse vir kreatiewe skryfkuns.

Twee pryse word toegeken, een vir skrywers wat reeds ’n bundel in die betrokke genre gepubliseer het, en een vir skrywers wat nog nie ’n bundel gepubliseer het nie (dit wil sê wat as debutante beskou word).

Die Redaksie bepaal aan wie die pryse toegeken word, maar die Redaksie kan buitebeoordelaars gebruik om met die beoordeling behulpsaam te wees. Die beslissings van die Redaksie is finaal en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.

Die Redaksie behou hom die reg voor om vir ’n spesifieke jaar of vir ’n spesifieke kategorie nie ’n prys toe te ken nie, of om ’n prys onder verskillende skrywers te verdeel.

Die name van die skrywers aan wie die pryse toegeken is, sal bekendgemaak word in die eerste uitgawe van *Literator* van die daaropvolgende kalenderjaar.

Rules: Litera Prizes for Creative Writing

The Editorial Board of *Literator* yearly awards two prizes for the best contributions for a calendar year in the section “Litera”. These prizes will be known as the Litera Prizes for Creative Writing.

Two prizes will be awarded, one for writers who have already published a collection in the genre concerned, and one for writers who have not yet published a collection (that is, who are regarded as making their début).

The Editorial Board determines to whom the prizes will be awarded, and it may appoint external judges to help with the evaluation of contributions. The decisions of the Editorial Board are final and no correspondence on this matter will be entered into.

The Editorial Board reserves the right to make no award for a particular year or in a particular category, or to divide a prize among different authors.

The names of the authors to whom the awards have been made, will be published in the first issue of *Literator* of the subsequent calendar year.

Hennie Aucamp

Die onvoltooide selfportret (1659?)

Die grondering is gedoen met bloederige rooie,
en uit dié verf rys reeds ’n skimportret,
nóg verf moes kom: ná dik impasto, dunner lagies:
wat het voltooiing dan belet?

Dié studie was van meet af anders:
klein van formaat; op hout geskilder, nie op doek.
Het Rembrandt teruggeskrik toe hy homself
in eie plasma wou gaan soek?

Rembrandt-selfportret, 1669

in die Mauritshuis, Den Haag

Onder ’n glinsterende hoofdoek, gedra soos ’n baret,
is hy oud en afgeskilferd en na binne gerig,
ingeraam deur grys lokke en ’n wit halsdoek;
en van links, onnabootsbaar, val die Rembrandt-lig.

Hy het gemoedsbewegings deurgrond, ook sy eie,
en die volle omvang van menswees gedek,
maar hier, in sy sterfjaar, skyn hy te vra:
“Wie, deur ondervinding verslyt, wie is ek?”

Hennie Aucamp

Die Verlore Seun: Rembrandt (1662)[1]

in die Hermitage, Sint Petersburg

Rembrandt het telkens teruggekeer
na Die Gelykenis van die Verlore Seun;
op pen, buryn en kwas gesteun,
'n stelling soms met wit gehoog of gelaveer,
sy toets afwisselend lig en swaar,
want dís hoe hy 'n teks vertaal
uit woorde na 'n beeldverhaal,
een wat hy sterk as wáár ervaar.

Soms is hy Seun, en somtyds Vader,
of beide, soos op die doek in Petersburg;
maar hier trek Seun en Vader terug:
omhelsing bring hul geensins nader.

Elk kyk vermoeid sy dieptes in:
te laat, te laat, vir weerbegin

Rembrandt-ets

Iets groots kan groei uit eers 'n skets –
die meester het 'n skerp buryn
wat dieper dring as plaat of pyn:
drie Kruise teen die Lig geëts.

1 My gedig maak dankbaar gebruik van 'n insig van Mieke Bal in haar studie *Verf en verderf lezen in Rembrandt*.

Johann Lodewyk Marais

Ouhout

Leucosidea servicea

’n Yskoue wind waai deur die ouhout
teen die vergete berge van my jeug
en êrens op ’n gelyktetjie staan
’n rooiribbokram met sy skaduwee
oor die ruigte, heldergeel in die blom.

Olifanttandestok

Sansevieria cylindrica

My digterlike blik bepaal gewis
my keuse van ’n meer gepaste naam
vir dié plant uit tropiese Afrika,
want vir my het ons hier sonder twyfel
vyf reusepotlode in ’n houer.

Wildegranaat

Rhigozum obovatum

Ek wou by die weduwee Von Breitenbach
pitte van ’n wildegranaat gaan koop
om oornag in lou water te laat week
en die dag daarna in die grond te steek,
maar sy het my deurgekyk, geweier.

Gifblaar

Dahicpetalum cymosum

Die uitgestote Bosveldse kenner
van chemiese en biologiese
oorlogvoering wys ons rond op sy plaas
en vertel van die kolletjie gifblaar
met die ondergrondse wortelstelsel
wat die werkers veilig buite bereik
van sy trop Bonsmaras toegespan het,
want om dié plant tot diep in sy wortels
dood te kry, is so te sê onmoontlik
en deesdae moet ’n boer veilig speel

N.C.T. (Nicholas) Meihuizen

Thermopylae

(after Cavafy)

There amidst the mountains of our lives
A few stand solid and intent
Because of who they are.
They never dwell on the lawyer's deceit,
The fool's bluster, the politician's craft;
If rich they share their fortune with charities,
If poor their last loaf of bread
With the beggar worse off than them;
They do not lie,
Yet they cannot hate liars.

And what is due to them
As they stand in shared loneliness,
Knowing, as many do, what is to come?
The sly traitor who sells all with a smile,
The trampled fields, the blazing trees,
The bleeding horses, the piss-poisoned streams?

Death Fugue

After Paul Celan

Black milk of day-break we're drinking at evening
we're drinking it middays and mornings we're drinking it nightly
we're drinking and drinking
we're shovelling a grave in the high breeze there man lies unbound
A Man lives in a House he plays with the serpents he writes
he writes when the dusk covers Germany your golden hair
Margarete
he writes it and stands by the house and the stars are all burning he
whistles
his hunting-pack to him
he whistles his jews here to shovel a grave in the earth
he commands us start playing now for the dance

Black milk of day-break we're drinking you nightly
we're drinking you mornings and middays we're drinking you evenings
we're drinking and drinking
A Man lives in a House he plays with the serpents he writes
he writes when the dusk covers Germany your golden hair Margarete
Your ashen hair Sulamith we're shovelling a grave in the high breeze there man lies unbound

He calls pierce deeper in Earth's crust you diggers you others sing now and play
he grips hard the iron on his belt he swings his eyes are blue
pierce deeper with spade-work you diggers you others play on for the dance now

Black milk of day-break we're drinking you nightly
we're drinking you middays and mornings we're drinking you evenings
we're drinking and drinking
a Man lives in a House your golden hair Margarete
your ashen hair Sulamith he plays with the serpents
He calls play sweetly to Death this Death is a Master who's German
he calls stroke the strings darkly then rise up as smoke in the air
then you'll have a grave in the high clouds there man lies unbound

Black milk of day-break we're drinking you nightly
we're drinking you middays this Death is a Master who's German
we drink you evenings and mornings we're drinking and drinking
this Death is a Master who's German his eyes are blue
he strikes you with slugs of lead he strikes you quite true
a Man lives in a House your gloden hair Margarete
he sets his hunting-pack onto us and gives us a grave in the air
he plays with the serpents and daydreams this Death is a Master who's German

your golden hair Margarete
your ashen hair Sulamith

Betsie van der Westhuizen

Slaggate en sinkplaatpad

’n Bedankingsbrief

Die weer is loom en sag
toe ons op ’n swaar bewolkte dag
(dit reën nou al maande)
die pad vat na
die Nederlandse Beraad
te Maselspoort.

Die wolke daal af en omvou die land
die paaie oorstroom
en die plasse word damme water
wat die slagg te nog verder vergroot.

Hoog-op-die-uitkyk sit in die kombi
dr nie by om die sl gg te te ontkom nie
mens is binne-in die sl gg t nog
voor iem nd k n w rsku of uitsw i.

D r kom voertuie v n voor
terwyl mens probeer regs swenk om die
sl gg te n die buitek nte
v n die teervl k te vermy
en ons mis mek r telkens r kelings
dit kon kop- n-kop-botsings gewees het ¡ !

Die sl gg te word meer
dit word onmoontlik om lm l te ontglip
dit wip en dit skud
en dit kr k en dit st mp
en toe, oplaas in sig – die afdraaipad!

M r toe is die fdr ip d ’n grondp d
’n s n p a t a / i k l a p d *met sl gg te*
en s n p a t a / i k l a p d *én sl gg te*
word d delik ’n dubbele uitd ging

dit wip-wip-wip
en dit s-k-u-d-s-k-u-d-s-k-u-d
en dit k - r - - - k en dit ST MP
vir kilometers en kilometers sonder einde

Hoe wip-gly die kombi
en swenk heen en weer
op sinkpl tp dgolfies
w t dein op die grondp d
l ngs die Modderrivier

Uiteindelik weer op huh teerp d
En ons seil byn gl dweg die M selspoorthek –
ons bestemming – binne.

Uiteindelijk waren wij zeer
blij met de mooie Maselspoort.
Wij hadden wel pech op de weg
vanwege het regenweer,
maar de gastvrijheid
van de Bloemfonteiners
was in z'n geheel slaggatloos.
En wij beloofden bij het afscheid:
Wij bezoeken jullie
ondanks, niettemin en ten spijte van
echt Zuid-Afrikaanse sl gg te en s n p a t a / i k l a p d
heel gr g weer!

W.F. (Wilhelm) Haupt

crux

hy het dit lankal
oor ’n lang tyd
gemaak
dié skildery
die collage met die baie beelde

lank het hy dit
gehul laat hang
in ’n waas van rook
stof
stoom

een van sy groot werke
bedoel
om uit elke hoek
vir elke oog
iets unieks
te gee

’n jagter
perd en leeu
toegeverfde draak
susters
’n hond
godin onder ’n maansambreel
’n kissie juwele
’n groot vis in die melkrivier
gogoljoene prentelemente

boheems
toe besluit
om dit slegs snags uit te hang
en dit was aand
en dit was môre
die vierde dag

simbool
wysers
wegwysers

aanwysers
baie het gekyk
en min het gesien
die werk is onderteken

'n kruis
suiderkruis

met 'n swierige punt

maid of orleans

een van die smeulendes
met die blitse
om hul oë
die wilde witkop
met die woeste krulle

met haar koms
bevange opwinding
in sy lam knieë
sy lyf
sy neus
sy ore

uitdagend
later intens
warm, vogtig
oorweldigend

effe bedaar
met drukwisselings
plofbare stiltes
vreesaanjaend dreigend

toe fisiek woedend
vernietigend
tot sy weg is

met die huis
die kar
die meubels

dié Katrina

magda van der merwe

lêplaas

hierdie winter
wil ek oorwinter
ek wil skynslaap
vroegtydig my winterpels
laat uitgroei
ek wil my dik toekombers
ek wil hiberneer
myself toerol
amnesieslaap
totdat al die seerplekke
weer aanmekaar gegroei het
totdat ek vervel het

Martie Muller

Berg-op

Klip vir klip vir klip
klim ek
Oor klippekneukels
oor klaweraas
loop ek
berg vir berg vir berg

Klip vir klip vir klip
klim ek
Dooie bome staan in stompe
droë gras in stoppels kruis my klim
My voete trap die klippe krummels
My voete trap die krummels sand
Ek klim en klim en sak en sak en sak

Op die kruin lê ek onder in die klaarpan
lê ek.

H. le R. Slabbert

Keats se graf (1795-1821)

Verwyderd van wêreldse vooroordeel en pyn
rus hy, ten laaste, onder goddelike blou.
Weggeneem uit vársheid van liefde en trou,
lê die jongste martelaar, onder God se gordyn.
Só mooi soos Sebastian; net so gou verdwyn.
Geen sipres gooi koel skadu, niks wat wag hou,
dog sagte viooltjies, huilend' met dou
weef onverganklik om beendere 'n blommetrein.
O, trotste hart, met gebrokenheid omsoom!
O soetste lippe sedert digters van Mitileen!
O digter-skilder van ons Engelse Land!
Jou naam geskryf in water – dit hou stand:
Herinnering aan jou blý groen deur my geween,
soos Isabella gedoen het met haar Basil-boom

Haidee Kruger

She traces the slope of cheek to chin

She traces the slope of cheek to chin
as the afternoon stretches itself like a skin
over his bones and
underscores the sutures
that keep their seams
intact.

Like a petulant child she tugs at the day until
it comes
undone.

How to make the word

Let it vault high against
a ceiling. Let there

be bells thawing
copper sound over
a grey sky. Let it

Be empty, yet
heavy like a woman with
child. Let there

be

absence.

Let death hinge
unexpectedly

on very syllable

French funeral mass, Cathedral, Brussels

Gretel Wybenga

Rou

Die vakansie by hulle strandhuis met die afleiding van rotse en see hef nie, soos sy gehoop het, die gevoel van verwydering tussen hulle op nie. Steeds bly sy bewus van die glasmuur tussen háár en die wêreld, háár en ander mense, háár en haarself. Maar veral tussen háár en haar man, met wie sy van almal die langste skof afgelê het.

Maar toe sy sien sy aandag raak afgelei deur die instruksieboekie van sy nuwe digitale kamera, is sy verlig: nou kan sy ongestoord haar gang gaan en hy syne. Haar reaksie begryp sy nie, want by die dag raak die saamleef soos vreemdelinge vir haar ’n groter hindernis. Miskien is sy bly dat hy homself weer toelaat om opgeneem te word in iets waarin hy belangstel.

Vandat haar toestand begin versleg het, is hý ook papwiel, doen niks meer met oorgawe nie. Soggens gaan hy op ’n vasgestelde tyd in sy huiskantoor sit waar hy op die oog af doenig raak, maar té veel betrap sy hom dat hy sit en staar na die drywende kubus op sy rekenaarskerm, met ’n koue koppie tee langs die muis onder ’n beweginglose hand.

Na ontbyt gaan sy elke dag ’n kort entjie stap, meestal alleen en moeisaam met die kierie as derde been en ’n doekie om haar kaalkop teen die seewind, maar ook teen die mense wat hulle so kan verkyk as hulle dink sy sien hulle nie.

As sy terugkom, hoor sy soos klokslag die kenmerkende geesdrif in haar stem by haar verslag oor wat sy ookal gesien het: die blou-blasies, mense op die strand, die golwe, die voëls … En altyd geniet hy haar entoesiasme.

Oënskynlik gladde waters waarop hulle vaar, dink sy op ’n dag, haar hand met drie perspienk cauries daarin na hom uitgestrek. Hy gaan haal die kamera. Sy glimlag en hy neem ’n foto.

’n Paar dae later kom sy agter hy neem haar af as hy dink sy sien hom nie – sy beweeg haar kop onverwags en kyk vas in die oog van ’n lens. Eenmaal beduie sy speels met haar wysvinger toe sy hom uitvang en sien hoe hy verleë glimlag en wegstap.

Hoop sy dalk dat die nuwe kamera die verandering sal bring, hom weer uit sy dop sal laat kruip? Dan sal hulle vanself begin gesels soos tevore, miskien voel-voel weer by mekaar uitkom, dink sy, sonder dat sy ’n vinger hoef te verroer.

Maar soos die dae verbygaan het sy al minder vrede met die lens wat haar agtervolg en onopsigtelik afloer, hoe sy haarself ookal vermaan om hom sy gang te laat gaan. Toenemend, by sit en staan, begin sy soek na die metaal- en glasoog. Eers maak dit haar selfbewus, maar later raak sy gewoon geïrriteerd.

Op ’n dag, terwyl sy op die stoep tussen kussings sit en lees, kyk sy op en sien die gedagte van ’n hand en mou agter die pilaar naby haar verdwyn. Maar in plaas van die gewone ergernis, gaan daar opeens vir haar ’n lig op – haar man maak háár bymekaar! Sy *memorabilia* vir later.

Die wind is uit haar seile. Sy sit die boek onderstebo op die draadtafeltjie neer en laat haar kop vooroor in haar hand sak. In die donker agter haar toe ooglede sien sy hom sit in sy ou stoel in hulle slaapkamer, sy dierbare kop met die digte hare geboë oor juis dié strandhuisfoto’s.

Sy sluk swaar, soek na haar donkerbril op die tafeltjie, en draai vinnig haar oë see se kant toe dat hy, waar hy ookal mag wees, haar nie kan sien of afneem nie.

Maar terwyl sy stip na die groen golwe staar, weet sy sy kan nie langer uitstel nie. Die tyd vir doekies omdraai is verby: dis ook sý

wat die muur tussen hulle in stand hou. Alles om hulle te verskans teen die ondraaglike pyn van afskeid.

Haar netjiese passies doen niemand meer ’n guns nie. Sy verspil energie, dra haar morsdood en vergaan saam met hom onder die las. So vereensaam sy. Hý ook met sy tam kykers en loodgrys vel.

Die uurglas syg deur – sý sal haar vuis deur daardie glasmuur slaan. Hoe gouer hoe beter. Dán sal hulle kaalkop die ding in die oog kan kyk, begin oopmaak sónder om mekaar te spaar.

Sáám sal hulle kan huil, snotte en trane soos mense.

Kamera in die hand gaan sy daardie selfde aand teenoor hom sit. Met lang gaapgeluide strek sy haar uit op die groot rusbank. Maar hy kyk nie op nie. As hy roer, kraak die koerantblaaie voor sy gesig. Van die stoep se kant af hoor sy die golwe reëlmatig klots teen die sand.

Toe neem sy ’n sluk van haar rooi wyn.

Met onvaste hand flits sy deur die ou foto’s, bekyk die raampies een vir een vlugtig. By ’n foto van haarself – skeletkop op ’n groen kussing met ’n boek voor haar neus – sê sy lig en speels, dié toon waarin sy weet sy al vir te lank met hom omgaan: “Haai, ek weet dan niks van dié foto’s nie. En hier’s nog een …”

Sy wag. Hy reageer nie. Op die koerant se agterblad lees sy die vet opskrif by ’n foto van ’n fietse gimnas. Het hy haar ooit gehoor?

Maar toe sak die blaaie. Sy grou oë kyk haar reguit aan en hy sê ongewoon bruusk: “Nou vee dan die goed uit as hulle jou pla!”

Onmiddellik, bloedig vererg, begin sy haarself uitvee: op ’n plastiese stoel starende oor die oseaan, gebukkend oor ’n klein skilpadjie in die natuurreservaat, tussen ’n plaat botterblomme, op die stoep met haar boek op haar skoot, en laggend met ’n druppende beskuit in haar hand …

En sien nie hoe haar man die koerant vinnig lig nie, om sy gesig toe te maak.

Gretel Wybenga

Vlerke

My ma se oë gaan oop uit haar beswyming. Stil lê sy en kyk na die skildery teen die muur by die voetenent van haar bed: pienk krismisrose voor wit huisies met ’n kobbelsteenpaadjie wat uitloop teen die see. Pure Griekse dorpie met die straatjies en water verlate.

Toe sê sy helder: “Sien jy die nonne wat so bid? Al daai swart ruggies. Hulle kyk vir die priester.” Sy probeer haar arm oplig. “Daar ... daar in die boot by die kis.”

Enkele sekondes dut sy in. Maak dan weer haar oë oop, wawydoop. “Kyk die lelies gooi hy oor die water.” Haar kop draai effens in my rigting. “Nou word dit seevoëls, Sussa. Wittes. Dryf op en af, op en af …”. ’n Sweempie van ’n glimlag.

Al kykende na my trek ’n waas oor haar oë en die ooglede sak. Ek sit my voorkop neer op haar verwese hand. Sy lê so bewegingloos, weggeduikel in ’n ander wêreld. Só wil ek by haar bly sit tot haar oë weer oopgaan en sy my verder kan vertel van droewige nonnetjies en ’n priester se reis oor ’n wye see.

Te gou egter duik ’n verpleegster op agter my rolstoel. Hospitaal-vrolik roep sy: “En toe, en toe en toe?” Ek reageer nie dadelik nie. “Slaap jy?”

Sy raak doenig met my mus. Ek lig my kaal kop onder haar hande in om haar te help. “So ja,” sê sy en pluk dit behendig terug oor my ore. Haar ysige vingers bly lê teen my warmgebroeide voorkop.

“Ons wil nou nie ’n verkoue optel by al die ander ellendes nie, of hoe?” Sy pak die handvatsels en ons vaar die lang blink gange in terug na die onkologiesaal. Oral teen die mure flits Griekse dorpies verby, dieselfde krismisrose, dieselfde huisies en leë kobbel-steenstraatjies by ’n baie blou see. Net die invalshoek verskil.

Onder die gesing van die rolstoelwiele wonder ek waarom my ma ’n Roomse priester en sy nonne uitkies, terwyl sy met die Roomse Gevaar grootgeword het.

Tot almal se verbasing en my vreugde is my ma die volgende oggend helder en by haar positiewe. Kortasem, maar spraaksaam.

Haar voorvinger beduie van die laken af na die skildery. “Weet jy, ek het gehallusineer. Ek sien daar nonnetjies op daardie prent. En ek dog jy’s Sussa. Gister heeldag. Maar laasnag al word dit maar dieselfde plek en jy, jý met daardie mus oor jou ore …”

Ek glimlag: “Ja, Mamma sê hulle bid so aanmekaar.” Ek wonder of sy van die priester en die kis en die voëls onthou.

Hierop reageer sy nie. Sê net: “Ek het laasnag vir jou stories uitgedink wat jy moet skryf. Twee stories.” Ek stoot my rolstoel nader om elke woord te kan opvang, want haar stem is byna onhoorbaar sag en asemrig.

“Dis van voëltjies. Jy moet skryf van die twee mossies wat saam ’n nes gebou het. Jy weet mos hoe deurmekaarspul is ’n mossienes. Dit kan jy goed aan die kinders beskryf. Of iemand kan dit teken. En dan sê jy van die twee eiertjies wat die wyfie gelê het, maar gaan kyk eers hoe mossie-eiers lyk in julle voëlboeke, dan kan jy dit ook so stilletjies inweef. En dan kan jy van die pa-mossie se ongeduld skryf oor sy kinders nie uit die eiers kom nie en van die ma-mossie wat paai. En as die kleintjies begin pik, dan moet die ma-mossie hom roep en hulle moet saam die hele storietjie dophou. En dan sê jy van die blydskap toe die twee lelike ou aapstertjies uit die doppe uit kom! Dis die eerste boek.”

“Dís mooi, Mamma”, sê ek toe sy asemloos haar oë toemaak. Maar ek weet ek sal nooit daardie storie skryf nie.

Na ’n rukkie gaan sy verder: “Daar’s nog ’n boek. In die tweede boek skryf jy van die twee babamossies en hoe hulle gevoer word en lateraan hoe hulle leer vlieg, maar vreeslik sukkel want hulle sit aan mekaar vas. Jy kan tussenin nog van al die ander voëls in die tuintjie ook skryf en van die outannie wat daar in ’n woonstelletjie bly en elke oggend vir die voëls krummels strooi. En van haar kat sal jy ook moet sê, want dié kat vang toe die twee babamossietjies en bring hulle na die outannie toe om te spog. Dan verwilder sy haar kat en tel die twee goedjies op. Verflenter maar nog springlewendig. En toe sien sy hulle beentjies is aanmekaar vasgewoel met vislyn wat in daardie deurmekaar mossienes was. Jy kan ’n bietjie sê van plastiekrommel en so en van rommelstrooi. Onthou jy nog hoe ek daardie twee voëltjies se beentjies met my naelskêrtjie losgeknip het? En buitekant hulle weer losgelaat het … En woerrr! daar vlieg hulle die blou lug in. Dié stories moet jy skryf …”

Dieselfde nag stap ek in ’n droom klippetie-klop alleen op ’n kobbelsteenpaadjie langs ’n blou see. Oral bol pienk Krismisrose

teen die wit mure. Onverwags begin my kop kriewel. Onbedaarlik. Dis my swart harevag wat ongeduldig deur my kopvel aan die beur is! Ek sit hand by en begin uitryg tot ek pankop staan in die Meditereense somer en son en saffier. Bedroë kyk ek af na die lang stringe hare in die waai van my linkerarm – maar onder my oë verdik hulle tot ligte deursigtige vlerkpenne. Opeens pruit fladderende wit en swart veertjies daar uit soos blomme aan stingels. ’n Groot opgewondenheid pak my beet …

Maar met my oë nog vol voëls en blouselblou see, voel ek die swaar hand op my skouer. Donkeroggend kom hulle my haal. Stoot my inderhaas na my ma toe. My kop kry koud sonder die mus.

“Sterk wees,” sê hulle ganglangs. My oë bly soek op my linkerarm. Muwwe stemme klink verby seë en wit huisies. Die hoë rubberwiele protesteer om die hoeke op die blink vloer, tot die suster my paraat staanmaak in my ma se skemerige kamer.

Sy lê weg-wêreld teen die kussing.

Haar oë is toe, die asempie kwalik.

Sy vaar uit, my ma.

Aan wal bly ek staan tussen ’n swetterjoel nonnetjies met bleek hande. Ek gooi my gerf vere oor die stil water en sien hoe die wit watervoëls begin wieg om die dobberende boot. Op en af, op en af …

Die priester neurie die wye see vol Gregoriaans, en die nonnetjies slaan fladderende kruise.

Stephan J. Myburgh

Die skilder

Die noulettende wag volg die enkele besoeker nuuskierig met sy oë: die jong vrou wat in die woonstel naas syne woon en op die oomblik in die *Barry O*-kunsgalery die witgeverfde pyle op die plankvloer ignoreer. Anna draal deur die groot vertrek met skilderye van Bruegel, Rembrandt, Dürer en die onbekendes, sistematies geraam teen die oorwit muur as geïntegreerde agtergrond. Daar is vrae wat naderkom en vir ’n oomblik op die oppervlakte talm en dan weer weggaan. Hulle laat haar verward, teen die ordelikheid van die geraamde prente in. Wat soek sy hiér? Tussen Dewald se soort skilderye? Vertroeteling of méér as dit? ’n Opstanding? Sy kom tot stilstand voor ’n olieverf met ’n grot daarop uitgebeeld. Die groot klip wat die ingang moet verseël weg van die opening af gestootrol. Agter omring ’n stikdonkerheid die grot en voor kom ligstrale gebondeld byeen en verlig die opening. Die getekende figure op die doek is knielend en met ontredderde hande en oë na bo gerig. Aan die binnekant is die grot duister, maar groot, asof daar ook vir haar ruimte gemaak is. Anna tree onrustig terug en loer vinnig om. Behalwe vir die wag is die saal steeds sonder ander besoekers. Die oorbekendheid van die geskilderde boodskap loop haar gedagtes vooruit: Sondae, Sondagskool, katkisasie, aanneming, Paassondag en altyd die weggerolde klip met die opening na buite. Sy lees die titel hardop: “Die leë graf”. Met die pyn wat weer vlak in haar skouers en nek optrek, soek sy die uitgang op en stap vinnig vanaf die saal na die groot deure in die ingangsportaal, verby ’n inkomende groep besoekers wat lawaaierig teen haar skuur en teen mekaar wedywer om eerste die voorgeskrewe toegangsgelde te betaal. Die wag probeer om nader aan die jong vrou te gaan, maar moet terugval toe die groep besoekers vrae na sy kant toe slinger.

Met ’n fluisterende “die woonstel is net so koud soos die galery”, laat val Anna haar handsak op die rusbank. Sy skakel die ketel aan en probeer die beeld van die leë graf, die een langs die bekende *The crucifixion* van Mathias Grünewald, uit haar gedagtes verban. Oomblikke later lê sy op die rusbank, toegetrek onder ’n wolkombers en met herinneringe wat aan haar torring en torring; Here, alles in haar verlang na hom; Dewald met die goue woorde; Dewald wat haar ook wou leer om soos hy te skilder; Dewald wat alles maklik

gemaak het; wat geweet het wat is reg en wat is verkeerd; Dewald wat haar gelos het en haar alleen, bang en besluitloos met sy weggaan gemaak het. Sy is dankbaar vir die trane, wat haar oë rooi en geswel maak. Daar is ’n harde klop aan die deur. Toe Anna die deur oopmaak is dit Ertjies, wat met ’n vriendin se familiariteit die woonstel binnestorm en uiteindelik tot ’n stadiger pas kom toe sy Anna se gekneusdheid sien.

“My liewe hemel, Anna! Dit is alweer Dewald, né? Die man is weg! Hy kom nie weer terug nie en jy moet aangaan met jou lewe. Kom sit, dan maak ek vir ons *Cup-a-soup*.”

Dit is Anna wat eerste praat toe Ertjies aan die anderkant van die rusbank gemaklik gaan sit.

“Ek het vandag ’n skildery gesien, Ertjies: die leë graf met die weggerolde klip. Ek wil in daardie graf ingaan en myself daar gaan verloor.”

“Haai, Anna, dit kan mos nie,” sê Ertjies bekommerd.

“Die leë graf gaan dan oor die opstanding. Hou maar net vas aan Hom en jou lewe saam met Hom buite daardie graf. Anna, die grot is nie ons plek nie.”

“Maar Ertjies, daardie klip is weggerol sodat ons daar kan ingaan.”

Ertjies verduidelik van ’n opstandingsgeloof, al werkende deur haar Bybelskoolkennis tot die horlosie middernag aankondig en sy vaak besluit om met gerasperde stembande haar bed, iewers op die onderste verdieping, op te soek. Anna sak terug in die rusbank nadat sy die deur agter Ertjies toegetrek het. Ertjies se gepraat het aan haar kom skaaf en skaaf. Sy skuif haarself gemaklik op die rusbank en wens die slaap na haar toe. ’n Vreemde gedagte neem van haar besit toe sy om drie-uur in die nanag wakker skrik: Deur sonde is Hy in daardie grot in en net deur sonde kan sy ook haar plek in daardie donkerte opeis. Op daardie beslissende oomblik begin Anna wanhopig, maar tevergeefs soek na enige groot sonde in haar verlede. Dit is ’n uur later toe sy onthou van die woord in die Latynse klas: *prostituere*. Haar sonde sal groter wees, besluit sy dankbaar teenoor die toekoms wat nog oop is. Sy lag en dink aan die man in die woonstel langsaan. Het sy hom nie gister iewers gesien nie? Anna het besluit om haarself vir ’n maaltyd te verkoop.

Die dag sloer verby. Nadat Anna haar opsigter by die werk geskakel het om vir die dag verlof te neem, blaai sy deur ou tydskrifte, kyk

vroegmiddag na ’n televisiefilm, verdwaal peinsend deur haar foto-albums en neem met elke beeld afskeid van haar wêreld – soos ’n reisiger voor ’n onomkeerbare tog na die onbekende. Stiptelik om vyf-uur stap die man wat in die woonstel langsaan woon netjies geklee in sy galeryuniform vlak voor haar oop deur verby. Sy loop versigtig voor hom in en sê vriendelik:

“Hello, ek is Anna.”

Haar hande is klam in syne.

“Ek wil hê jy moet vanaand vir my ’n heerlike maaltyd maak.”

Vir ’n oomblik talm hy.

“Goed, ’n ete. Jy was gister by die *Barry O*-kunsgalery.”

Sy onthou hom nou. Die wag aan die agterkant van die saal en by die groot deure na buite. Die vreemdheid wat sy in die nag gevoel het is weg.

“Jy maak vir my ’n ete en ek slaap saam met jou.”

Hy sukkel om sy gevoelens te peil, maar die erns op haar gesig oortuig hom, maak hom seker van haar gewilligheid. Anna skrik liggies toe die deur agter haar toegaan, asof die afgelope weke se seerkry haar nog wil terughou, maar skuif dan finaal die onsekerheid opsy. Hy skep vir hulle ’n driegangmaal op wat haar in verwondering laat oor sy vernuftigheid in die kombuis. Later, met leë nageregbordjies wat eenkant toe gestoot word, soek hulle monde na mekaar en gee Anna haarself oor aan leë grotte en duisternisse wat prikkel en innooi. Algaande voel sy haarself dieper ingaan. Saam met die pyn van Dewald se weggaan. Sy voel hoe hy in haar opstoot, uitstoot, sy hande al gretiger om haar borste. Tevrede oor die nattigheid wat eers in en dan oor haar spoel, word sy bewus van die skilderye wat teen die vertrek se mure hang. Mense wat met mekaar meeding om spasie op die doeke. Figure wat met hande en monde en oë en ore praat en luister, asof dié oorgawe aan mekaar hulle vasgebind hou aan die seil waarop hulle geskilder is. ’n Ander geslag skilders wat sy nie ken nie, maar wat reeds oorrompelend oor haar hart loop. Haar skildery hang voelbaar in die lug, in die reuk van hulle liggame en in die lakens orals om hulle. Sy lag en trek die warmte van die kamer diep in haar in. Iewers het die pyn haar verlaat. Hy trek haar nader.

“Weet jy, ek het al lankal my oë op jou. Kan ons mekaar meer gereeld sien?”

Sy terg hom.

“Ek weet darem nie.”

En voeg dan stadig by:

“Kom kuier môre-aand by my, dan skilder ek vir jou, gratis.”

Franci Greyling

About Africa

"Tell me about your country," he asked. "Tell me about Africa."

Hoe ver van dié mistige landskap is Afrika nie? Hoe ver van die mere en kastele en ou klipkerke en kusdorpies wat uit die mis opdoem, grou verbyskuif en weer in die reën wegraak.

Hoe ver van dié mense wat in toegewasemde busse en oorvol museums en kuriowinkels op mekaar se geselskap aangewese is – en hoe ver van dié pub en dié man wat wag vir ʼn antwoord van die vrou wat lank terug uit Afrika gekom het.

Wat sal sy vertel? Van stapelwolke teen blou lug; die dreuning van donderweer; van metaalblink hadidas; van voëls wat in oranje skemer huiswaarts keer?

Sal sy voorbladnuus en politieke intriges ophaal? Of sal sy vertel van flentertjies berigte op bladsy vier? *Vrou deur seekoei getrap; man gooi spotter met klip dood; vermoor vir moetie.*

Hy wag. Asof hy regtig wil weet.

"Daar is dié storie wat ek raakgelees het. ʼn Klein beriggie in ʼn koerant ..."

"Vertel."

"Die kinders het alleen gebly. Drie sussies. ʼn Pa het hulle lankal nie meer gehad nie; die ma dood aan die uitteersiekte wat niemand ʼn naam wil gee nie.

Die meisietjies het vir hulself gesorg. Met dun pap die bietjie meel in die blik gerek, en teesakkies gebruik tot dit nie meer die water gekleur het nie. Die mense in die dorpie het soms ʼn stukkie kos aangegee, maar meestal anderpad gekyk.

Elke dag het die meisiekinders die lang pad rivier toe geloop om water te skep. Water maak ook die maag vol.

Nie ver daarvandaan nie, het twee ou vrouens in hulle armoede gewoon. Hulle het gesien hoe die meisietjies die swaar emmer beurtelings op hulle koppe balanseer en hoe die dun beentjies onder die gewig daarvan knak. 'Kom nader,' het die vrouens eendag geroep, 'kom rus eers 'n bietjie' – want hulle het gesien dat die kinders vaal en verwaarloos was en hulle oë al veels te oud.

Die kinders was eers bietjie skrikkerig omdat hulle die vrouens nie geken het nie en omdat deernis min in die dorp was.

Later het hulle uitgesien na die lang stap oor die kaal stuk veld, want naby die rivier was die twee oumas wat vir hulle kos gee, wat stories vertel en hulle beentjies met vet smeer. Die vaal kindertjies het weer lyf gekry, lewe in hulle oë."

"Compassion." Die man knik sy kop.

Rondom hulle word pakkies bymekaargemaak, sambrele oopgevou, leë glase op tafeltjies gelaat.

Hy wag dat sy moet klaar vertel.

"Toe eendag, toe die dogtertjies oor die oop veld terugloop – haastig want die weer het opgesteek – was daar 'n weerligstraal, 'n knal.

Die volgende oggend het die mense die drie dogtertjies daar gekry.

'Dis die twee ou vrouens', het iemand gesê. 'Het hulle dan nie die kinders nader gelok nie?' 'Het hulle hulle dan nie vetgevoer nie?' 'Dis die twee vrouens,' het die mense vertel. 'As dit nie vir hulle was nie, het die meisies nog gelewe.' 'Hekse.'

In die nag is planke voor die deur gespyker, 'n fakkel op die grasdak gegooi en het die dorp hul doof gehou vir die krete. Wie weet wat die hekse aan hulle kan doen?"

"Cruelty."

Sy knik.

Dís waarom, wil sy vir hom sê, waarom ek hier is. In stilte loop sy saam na die bus, verby die plek wat hy vir haar oophou, en gaan sit waar sy alleen kan wees.

Die droom van ’n belaglike man (*The dream of a ridiculous man*)

deur Fyodor Dostoevsky
uit die Engels; vertaal deur
Marlies Taljard

I

Ek is ’n belaglike persoon. Nou noem hulle my ’n mal mens. Dit sou nogal beter klink, behalwe dat ek in hulle oë steeds net so belaglik bly as vantevore. Maar nou neem ek hulle nie meer kwalik nie, ek is nou vir hulle almal baie lief, selfs al lag hulle vir my – om die waarheid te sê: dit is juis wanneer hulle vir my lag dat ek hulle die liefste het. Ek sou saam met hulle kon lag – nou nie juis vir myself nie, maar uit toegeneëntheid vir hulle, as ek net nie so hartseer gevoel het as ek na hulle kyk nie. Hartseer omdat hulle nie die waarheid ken nie, terwyl ek dit ken. Ag, hoe moeilik is dit om die enigste mens te wees wat die waarheid ken! Maar dít sal hulle nooit verstaan nie. Nee, hulle sal dit nie verstaan nie.

In die ou dae het dit my ongelukkig gestem as ek vir mense belaglik lyk. Nie lyk nie, maar is. Ek was nog maar altyd belaglik en miskien het ek dit selfs geweet van die oomblik dat ek gebore is. Miskien het ek al vandat ek sewe jaar oud is geweet dat ek belaglik is. Daarna is ek skool toe, het ek op universiteit gestudeer en weet u wat, hoe meer ek geleer het, hoe meer het ek tot die besef gekom dat ek belaglik is. Sodat dit uiteindelik gelyk het asof al die wetenskap wat ek op universiteit bestudeer het, hoe dieper ek daarin gedelf het, meer en meer daarop gewys het dat ek inderdaad belaglik is. Met die lewe was dit net so gesteld soos met die wetenskap. Jaar vir jaar het die oortuiging gegroei en versterk dat ek te alle tye ’n belaglike indruk maak. Almal het altyd vir my gelag. Maar geen mens sou ooit kon raai dat daar niemand op aarde is wat meer bewus is van sy eie absurditeit nie, as ek; en waaroor ek die spytste was, is dat hulle dit

nie geweet het nie. Maar dit was my eie skuld; ek was so trots dat niks my ooit daarvan sou kon oortuig om dit vir enigiemand anders te vertel nie. Hierdie trots het deur die jare in my gegroei; en as dit sou gebeur het dat ek myself sou toegelaat het om aan enigiemand te bely dat ek belaglik is, glo ek vas dat ek my harsings nog daardie selfde aand sou uitgeskiet het. Ag, hoe verskriklik het ek in my jeug gely onder die vrees dat ek aan die swakheid sou toegee en teenoor een van my skoolmaats sou erken dat ek belaglik is. Maar sedert ek volwasse geword het, het ek om een of ander onbekende rede kalmer geword, alhoewel ek jaar vir jaar meer onder die indruk kom van my verskriklike karaktertrek. Ek sê "onbekende", omdat ek tot vandag toe nog nie weet wat dit was nie. Miskien was dit as gevolg van die vreeslike ellende wat besig was om in my siel vorm aan te neem, deur iets aan my wat belangriker was as enigiets anders: daardie iets was die oortuiging wat van my besit geneem het dat niks op aarde saak maak nie. Ek het dit lank reeds vermoed, maar die volle besef het my eers verlede jaar amper onverhoeds getref. Skielik het ek gevoel dat dit vir my om't ewe was of die wêreld bestaan en of daar nooit enigiets bestaan het nie: ek het met my hele wese begin voel dat niks bestaan nie. Eers het dit vir my gevoel asof daar lank gelede dinge bestaan het, maar later het ek tot die besef begin kom dat daar in die verlede ook niks bestaan het nie – dat dit maar net om een of ander rede vir my so gevoel het. Algaande het ek geraai dat daar in die toekoms ook niks sou wees nie. Toe het ek opgehou om kwaad te word vir mense en amper nie meer van hulle notisie geneem nie. Ek kon dit selfs in die kleinste beuselagtighede gewaarword: ek het byvoorbeeld in die straat teen mense vasgeloop. En nie bloot omdat ek in gedagtes versonke was nie; waaroor sou ek nou so danig nadink? Teen daardie tyd het ek al amper heeltemal ophou dink; niks het vir my saak gemaak nie. As ek ten minste net my probleme sou opgelos het! Maar nee, ek het nie 'n enkele een uit die weg geruim nie, en hoe baie was daar nie! Maar ek het opgehou om my oor enige iets te bekommer, en al die probleme het verdwyn.

En dit was eers daarna dat ek agter die waarheid gekom het. Ek het die waarheid verlede November uitgevind – die derde November, om presies te wees – en ek onthou elke kleinste besonderheid wat sedertdien plaasgevind het. Dit was 'n somber aand, een van die somberste aande ooit. Ek was omtrent elfuur op pad huis toe en ek onthou nog hoe ek gedink het die aand kon nie meer neerdrukkend gewees het nie. Selfs fisies. Dit het die hele dag gereën, en dit was 'n koue, droefgeestige, bykans dreigende reën, met, ek onthou,

amper ’n wrok teen die mensdom. Skielik, tussen tien en elf, het dit opgehou en het ’n afgryslike vogtigheid gevolg, kouer en natter as die reën en ’n soort stoom het uit alles opgeslaan, uit elke keisteen van die straat en uit elke sylaning so ver die oog daarin kon afkyk. Skielik het die gedagte by my opgekom dat as hulle nou al die straatligte sou uitdoof, sou dit minder troosteloos voel, dat die gasligte ’n mens se hart neerslagtiger maak juis omdat hulle dit alles verlig. Ek het daardie dag bloedweinig te ete gehad en het die aand in die geselskap van die ingenieur en twee ander vriende deurgebring. Ek was stil – ek glo dat ek hulle seker verveel het. Hulle het oor een of ander belangrike saak gesels en skielik het hulle opgewonde geraak daaroor. Maar hulle het nie regtig omgegee nie, dit kon ek sien – hulle het net voorgegee dat hulle opgewonde was. Skielik het ek dit in soveel woorde aan hulle gesê. “Vriende,” het ek gesê, “julle gee nie om wát gebeur nie.” Hulle was nie beledig nie, maar het vir my gelag. Dit was omdat ek sonder passie gepraat het, sonder om hulle tereg te wys, bloot omdat dit nie vir my saak gemaak het nie. Hulle kon dit aanvoel en dit het hulle geamuseer.

Terwyl ek so aan die gaslampe in die straat dink, kyk ek in die lug op. Die lug was afgryslik donker, maar ’n mens kon duidelik die verflenterde wolke sien, en daartussen onpeilbare donker kolle. Skielik het ek in een van dié kolle ’n ster gewaar en stip daarna begin kyk. Dit was omdat daardie ster my op ’n gedagte gebring het: ek het besluit om myself daardie nag om die lewe te bring. Ek het twee maande gelede al die vaste besluit geneem om dit te doen en, ten spyte van my armoede, het ek nog daardie selfde dag ’n manjifieke rewolwer gekoop en dit gelaai. Maar twee maande het intussen verstryk en dit het nog steeds in my laai gelê; ek was so absoluut onverskillig dat ek ’n oomblik wou vind waarop ek minder onverskillig gevoel het – hoekom weet ek nie. En so het ek twee maande lank elke aand wanneer ek tuis kom, besluit om myself te skiet. Ek het bly wag vir die regte oomblik. En so het hierdie ster my op die gedagte gebring. Ek het die besluit geneem dat dit beslis daardie aand sou wees. En hoekom die ster my op die gedagte gebring het, weet ek nie.

En net toe ek so na die lug kyk, neem hierdie klein meisietjie my aan die arm. Die straat was leeg, en daar was skaars iemand in sig. ’n Koetsier het daar in die verte in sy vaartuig gesit en slaap. Dit was ’n kind van agt met ’n kopdoekie om haar kop, geklee in ’n patetiese ou rokkie, deurdrenk van die reën, maar ek het haar stukkende nat skoene raakgesien en dít onthou ek nou weer. Hulle het dadelik my oog gevang. Sy het my skielik aan die arm getrek en met my gepraat. Sy het nie gehuil nie, maar sy het met horte en stote sekere

woorde probeer sê wat sy nie behoorlik kon uitspreek nie, omdat haar hele lyfie te veel gebibber en gebewe het. Sy was vreesbevange oor iets en het aanhou roep: “Mammie! Mammie!” Ek het sonder om ’n woord te sê omgedraai na haar toe en verder gestap; maar sy het bly hardloop, aan my getrek en met die stem van ’n wanhopige, bang klein meisietjie bly roep. Ek ken daardie stemtoon. Alhoewel sy nie die woorde gesê het nie, het ek verstaan dat haar moeder besig was om te sterwe, of dat iets van dié aard besig was om met hulle te gebeur en dat sy uitgehardloop het om hulp te ontbied, om iemand te vind wat haar ma kon help. Ek het nie met haar saamgegaan nie; inteendeel, ek het die impulsiewe begeerte gevoel om haar weg te jaag. Eers het ek vir haar gesê om dit vir ’n polisieman te gaan sê. Maar handewringend het sy snikkend en hygend langs my bly hardloop en sy wou nie van my af wyk nie. Toe het ek my voet hard gestamp en op haar geskree. Sy het uitgeroep: “Meneer! Meneer! ...”; maar skielik het sy omgedraai en sondermeer oor die straat gehardloop. ’n Ander persoon het daar verbygekom en sy het ooglopend van my af na hom toe gevlug.

Ek het tot op my vyfde verdieping geklim. Ek het ’n kamer in ’n woonstel waarin daar ook ander huurders bly. My kamer is klein en armoedig met ’n soldervenstertjie in die vorm van ’n halfsirkel. Ek het ’n sofa wat met Amerikaanse leer oorgetrek is, ’n tafel met boeke daarop, twee stoele en ’n gemaklike leunstoel, so oud soos die berge, maar van die goeie ou vorm. Ek het gaan sit, die kers opgesteek en begin dink. In die kamer langs myne, geskei deur ’n afskorting, was ’n helse kabaal aan die gang. Dit was al die afgelope drie dae aan die gang. ’n Afgetrede kaptein het daar gewoon en hy het ’n halfdosyn besoekers gehad: here met ’n twyfelagtige reputasie wat vodka sit en drink terwyl hulle kaartspeel met ’n ou pak kaarte. Die vorige aand was daar ’n geveg en ek weet dat twee van hulle mekaar ’n geruine tyd lank aan die hare rondgesleep het. Die hospita wou eintlik beswaar aanteken, maar sy was met paniese angs vir die kaptein vervul. Daar was net een ander huurder in die woonstel, ’n dun, gedissiplineerde ou vroutjie, op besoek aan St. Petersburg, met drie klein kindertjies wat voortdurend siek was sedert hulle in die woonstel ingetrek het. Sowel sy as haar kinders het in doodsangs vir die kaptein geleef en het bewend in hulle beddens gelê terwyl hulle die hele nag lank die kruis oor hulle slaan en die jongste kind het ’n soort stuipe gekry van vrees. Daardie kaptein, weet ek, stop soms mense op die Nevsky Prospekt om te bedel. Hulle wil hom nie in diens neem nie, maar snaaks genoeg (dis hoekom ek dit vertel), gedurende al die maande wat die kaptein

hier was, het sy optrede my nie in die minste gesteur nie. Ek het natuurlik van die begin af probeer om hom te vermy en hy was ook van die eerste oomblik af verveeld met my; maar dit maak aan my geen saak hoe baie hulle daar aan die anderkant van die afskorting skreeu nie of hoeveel van hulle daarbinne is nie: ek bly die hele nag wakker en vergeet so geheel en al van hulle, dat ek hulle nie eens hoor nie. Ek bly die afgelope jaar al elke nag wakker tot dagbreek. Ek sit die hele nag in my leunstoel by die tafel en doen niks. Ek lees net in die dag. Ek sit – dink nie eers nie; vae idees dwaal deur my gedagtes en ek laat hulle kom en gaan soos hulle wil. ’n Hele kers word elke nag opgebrand. Ek het stil langs die tafel gaan sit, die rewolwer uitgehaal en dit voor my neergesit. Nadat ek dit neergesit het, het ek myself afgevra, ek onthou nog, “Is dit so?” en met totale oortuiging het ek geantwoord: “Dit is.” Dit is nou: ek gaan myself skiet. Ek het geweet dat ek myself baie beslis daardie nag sou skiet, maar hoe lank ek nog by die tafel sou sit, het ek nie geweet nie. En ongetwyfeld sou ek myself geskiet het, was dit nie vir daardie klein meisietjie nie.

II

U sien, alhoewel niks meer vir my saak gemaak het nie, kon ek byvoorbeeld nog steeds pyn voel. As iemand my sou slaan, sou ek steeds seerkry. Met die sedelike was dit dieselfde: as iets hartroerends sou gebeur, sou dit, net soos vantevore, my medelye wek soos toe daar nog dinge was wat my kon ontroer. Daardie aand het ek medelye gevoel. Ek moes beslis die kind gehelp het. Hoekom het ek die meisietjie dan nie gehelp nie? Omrede ’n idee wat my op daardie oomblik getref het: toe sy na my geroep en aan my arm getrek het, het ’n vraag skielik by my opgekom wat ek nie kon beantwoord nie. Dit was ’n selfsugtige vraag waaroor ek my vererg het. Ek was ontsteld oor die gedagte dat indien ek daardie aand my lewe wou beëindig, niks op aarde mos meer vir my behoort saak te maak nie. Hoekom was dit dan dat ek skielik gewetenswroegings gehad het, heeltemal in teenstelling tot die posisie waarin ek my bevind. Glo my, ek het geen beter woorde om die skielike gevoel te beskryf wat my op daardie oomblik oorval het nie, maar dié gevoel het voortgeduur nadat ek tuis gekom en by die tafel gaan sit het en ek was so gefrustreerd soos lank laas in my lewe. Die een gedagte het op die ander gevolg. Ek het duidelik besef dat solank ek nog ’n lewende wese was en nie ’n niks nie, was ek lewendig en kon ek ly, kwaad word en skaam kry vir my optrede. So is dit. Maar indien ek my nou oor, sê twee ure, gaan doodskiet, wat beteken die meisietjie dan nog vir my en wat het ek dan nog uit te waai met skaamte of enigiets anders op aarde? Ek sal terugkeer na ’n staat van niks,

absoluut niks. En kan dit werklik waar wees dat die wete, dat ek onmiddellik heeltemal sal ophou bestaan en dat alle ander dinge ook op daardie oomblik sal ophou bestaan, nie die geringste invloed het op my gevoelens of my medelye vir die meisietjie of die skaamte na ’n verwerplike daad nie? Ek het my voete vir die arme meisietjie gestamp en op haar geskree, asof ek vir haar wou sê – dis nie net dat ek geen meegevoel met jou het nie, maar selfs as ek onmenslik en onvergeeflik opgetree het, staan dit my vry om te doen wat ek wil, want oor ’n uur of twee sal alles uitgedoof wees. Dink u dit is hoekom ek so geskree het? Ek is nou amper seker daarvan. Dit was vir my duidelik dat die lewe en die wêreld op een of ander wyse van my afhanklik was. Ek wil my amper verstout om te sê dat dit vir my gevoel het asof die wêreld vir my alleen geskep is: as ek myself skiet, sal die wêreld ophou bestaan, ten minste vir my. Dan praat ek nog nie eens van die moontlikheid dat niks meer vir enige iemand anders sal bestaan as ek weg is nie en dat sodra my bewussyn uitgewis is, die wêreld ook sal verdwyn en leeg word soos ’n hersenskim, ’n blote aanhangsel van my bewuste, want heel moontlik is hierdie wêreld en al die mense wat daarop woon, deel van myself. Ek onthou dat terwyl ek so sit en dink het, ek al hierdie moontlikhede wat die een na die ander deur my gedagtes gemaal het, omgedraai het en skielik heeltemal nuut begin dink het. ’n Snaakse gedagte het byvoorbeeld skielik by my posgevat, dat indien ek voorheen op die maan of op Mars sou gelewe het en daar die mees verwerplike, skandelikste daad sou gepleeg het waarvoor ek die grootste denkbare skande en smaad moes verduur, iets soos waarvan ’n mens maar net in nagmerries kan droom, en ek sou myself agterna op hierdie aarde bevind, sou ek in staat wees om die herinnering op te roep van wat ek op die ander planeet gedoen het en terselfdertyd weet dat ek nooit, onder geen omstandighede, ooit daarheen kan terugkeer nie en dan van die aarde af na die maan kyk – sou ek omgee of nie? Dit was ydele en onnodige gedagtes, want die rewolwer het alreeds voor my gelê en ek het in elke vesel van my liggaam geweet dat dit beslis sou gebeur, maar die gedagtes het my gefasineer en ek was woedend. Ek kan nie nou doodgaan voordat ek hierdie saak uitgesorteer het nie. Kortom, die kind het my lewe gered, want ek het die pistoolskoot uitgestel ter wille van hierdie vrae. Intussen het die lawaai in die kaptein se kamer begin bedaar: hulle het klaar gespeel en was besig om te gaan slaap terwyl hulle onderlangs mompel en hulle geskille teësinnig bylê. Op daardie oomblik het ek skielik in my leunstoel by die tafel aan die slaap geraak – iets wat nog nooit vantevore met my gebeur het nie. Ek het heeltemal onverwags aan die slaap geraak.

Drome, soos ons almal weet, is baie snaakse goed: sekere dele word aangebied met ontstellende duidelikheid, met detail so realisties soos die ingewikkelde afwerking van juweliersware, terwyl ’n mens oor ander dele draf sonder om werklik op enige besonderhede te let, soos byvoorbeeld oor tyd en ruimte. Dit lyk asof drome ontstaan, nie deur die rede nie, maar deur begeerte; nie deur die kop nie, maar deur die hart; en tog watter ingewikkelde streke het my verstand nie al in drome op my uitgehaal nie; watter absoluut onverklaarbare dinge gebeur nie soms in drome nie! My broer is byvoorbeeld vyf jaar gelede dood. Soms droom ek van hom; hy is deel van my alledaagse lewe, ons is baie betrokke by sekere sake en tog bly ek dwarsdeur my droom bewus daarvan dat my broer dood en begrawe is. Hoekom is ek dan nie verbaas dat hy, ten spyte daarvan dat hy dood is, hier by my is en saam met my werk nie? Hoekom is dit dat my rede dit ten volle aanvaar? Maar genoeg daarvan. Ek wil by my droom uitkom. Ja, ek het ’n droom gehad, my droom van die derde November. Nou spot hulle my en sê dit was maar net ’n droom. Maar, indien die droom die waarheid aan my geopenbaar het, maak dit dan saak of dit ’n droom was of die werklikheid? As ’n mens eenmaal die waarheid gesien het, weet jy met algehele sekerheid dat dit die waarheid is en dat daar geen ander waarheid kan wees nie, of jy nou wakker is of slaap. Laat dit dan maar ’n droom wees, maak nie saak nie, maar daardie werklike lewe wat vir u so belangrik is, wou ek beëindig deur my selfmoord, en my droom, my droom – o, dit het aan my ’n heeltemal ander lewe openbaar, nuut, groots en magtig!

Luister.

III

Ek het reeds genoem dat ek onverwags aan die slaap geraak het terwyl ek nog besig was om te mediteer oor die genoemde onderwerpe. Skielik het ek gedroom dat ek die rewolwer optel en reg op my hart mik – my hart en nie my kop nie; en dit terwyl ek my voor die tyd voorgeneem het om my in die kop te skiet, deur my regterslaap. Nadat ek op my bors gemik het, het ek ’n sekonde of twee gewag en skielik het my kers, my tafel en die muur voor my op en af begin beweeg. Vinnig het ek die sneller getrek.

In ’n droom val ’n mens soms van ’n hoë hoogte af of jy word met ’n mes gesteek of geslaan, maar jy voel nooit pyn nie, buiten miskien as jy jouself regtig seermaak, soos as jy jou teen die katelstyl stamp, dan voel jy pyn en word jy meestel daarvan wakker. Dit was dieselfde in my droom. Ek het geen pyn gevoel nie, maar dit het

gevoel asof die skoot alles in my geskud het en alles het skielik dof geword en dit het verskriklik donker geword rondom my. Dit het gevoel asof ek verblind en verdoof is en ek het uitgestrek op my rug op iets hards gelê; ek het niks gesien nie en kon nie die geringste beweging maak nie. Mense het rondom my geloop en geskree, die kaptein het gevloek, die hospita het gegil – en skielik word ek in ’n toe kis uitgedra. En ek kon voel hoe die kis skommel en het daaroor nagedink en vir die eerste keer het ek besef dat ek dood is, morsdood; ek het dit sonder twyfel geweet; ek kon nóg sien, nóg roer en tog kon ek voel en dink. Maar ek het my vinnig met die situasie versoen, en het, soos dit mos maar in ’n droom gebeur, die feite sonder meer aanvaar.

En nou was ek in die grond begrawe. Hulle het almal weggegaan, my alleen gelaat, heeltemal alleen. Ek het nie geroer nie. Al die vorige kere wanneer ek my verbeel het dat ek begrawe is, het ek my verbeel die graf sal klam en koud wees. Nou het ek ook baie koud gekry, veral die punte van my tone, maar ek kon niks anders voel nie.

Ek het stil gelê, snaaks genoeg, ek het niks verwag nie, vanselfsprekend aanvaar dat ’n dooie man niks het om na uit te sien nie. Maar dit was klam. Ek weet nie hoeveel tyd intussen verloop het nie – ’n uur of etlike dae, of selfs baie dae. Maar skielik het ’n druppel water sy pad gebaan deur die toe kisdeksel en op my geslote linkeroog geval; ’n minuut later is dit deur ’n tweede druppel gevolg en ’n verdere minuut later deur ’n derde – en so aan, gereeld elke minuut. Daar was ’n skielike opwelling van diepgaande verontwaardiging in my hart en skielik het ek daar ’n fisieke steekpyn gevoel. “Dit is my wond,” het ek gedink; “dis die koeël ...” En druppeltjie vir druppeltjie het die water op my toe ooglid geval. En skielik, nie met my stem nie, maar met my hele wese, het ek geroep na die mag wat verantwoordelik was vir dít wat nou met my gebeur:

“Wie u ookal mag wees, indien u bestaan, en as iets meer rasioneel as dit wat nou met my gebeur, moontlik is, getroos u om nou hierheen te kom. Maar indien u wraak neem op my vir my sinnelose selfmoord deur die afskuwelikheid en die absurditeit van hierdie bestaan, weet dan dat hierdie marteling nooit die minagting kan ewenaar wat ek in my dowwe wese sal bly voel nie, al hou my martelaarskap ook ’n miljoen jaar aan!”

Ek het hierdie versoek gerig en toe stilgebly. Daar was ’n volle minuut ononderbroke stilte en weer het ’n nuwe druppel geval, maar ek het met absolute onwrikbare sekerheid gevoel dat alles dadelik sou verander. En siedaar, my graf het skielik oopgebars, dit is nou, ek weet nie of dit oopgemaak of oopgegrawe is nie, maar ek is opgevang deur ’n donker, onbekende wese en ons het onsself in die ruimte bevind. Ek het skielik my sig teruggekry. Dit was die middel van die nag en nog nooit, nooit was dit so donker nie. Ons het deur die ruimte gevlieg, ver van die aarde af. Ek het geen vraag aan die wese gestel wat my saamgeneem het nie; ek was te trots en het gewag. Ek het myself verseker dat ek nie bang was nie en was met ekstatiese vreugde vervul by die gedagte dat ek geen vrees voel nie. Ek weet nie hoe lank ons gevlieg het nie, ek kan glad nie skat nie; dit het gebeur soos dit altyd in drome gebeur as jy oor tyd en ruimte heen vlieg en oor die wette van denke en bestaan en net stilstaan by dié gedeeltes waarna die hart verlang. Ek onthou dat ek skielik in die donkerte ’n ster gesien het. “Is dit Sirius?” het ek impulsief gevra, hoewel ek nie bedoel het om vrae te vra nie.

“Nee, dit is die ster wat jy tussen die wolke gesien het toe jy op pad was huis toe” het die wese wat my gedra het, geantwoord.

Ek weet dat dit iets soos ’n menslike gesig gehad het. Snaaks genoeg, ek het nie van die wese gehou nie, trouens, ek het ’n diepgaande afkeer daarvoor gekoester. Ek het totale nie-bestaan verwag en dit is hoekom ek ’n koeël deur my hart gestuur het. En hier was ek nou in die hande van ’n wese, nie menslik nie natuurlik, maar iets wat tog lewe, bestaan. “En dus is daar lewe na die dood” het ek gedink met die eienaardige opgewektheid van drome. Maar in sy diepste kern het my hart onveranderd gebly. “En as ek dan weer moet bestaan,” het ek gedink, “en weer eens onder die beheer van een of ander onweerstaanbare mag moet lewe, sal ek my nie laat oorwin of verneder nie.”

“U weet dat ek bang is vir u en u verag my daarvoor,” het ek skielik vir my metgesel gesê, sonder dat ek my van die vernederende vraag kon weerhou wat terselfdertyd ’n belydenis impliseer, terwyl ek voel hoe vernedering my hart met ’n priem deurboor. Hy het nie my vraag beantwoord nie, maar skielik het ek gevoel dat hy my nie eens kwalik neem nie, maar dat hy vir my lag sonder dat hy vir my omgee en dat ons reis ’n onbekende en misterieuse doel het wat slegs my aangaan. Vrees het toegeneem in my hart. Iets wat my hele wese deurtrek het, is pynvol en sonder woorde deur my stom metgesel aan my gekommunikeer. Ons het deur ’n donker, onbekende ruimte gevlieg. Ek het ’n ruk gelede die bekende

sterrekonstellasies uit die oog verloor. Ek weet dat daar sterre in die hemelse sfere is wie se lig duisende of miljoene jare neem om die aarde te bereik. Miskien was ons reeds besig om deur daardie ruimtes te vlieg. Ek het, met ’n verskriklike benoudheid in my hart verwag dat iets moes gebeur. En skielik het ’n tinteling van vreugde my in die diepste van my wese vervul: ek het skielik ons son gesien! Ek het geweet dat dit nie daardie son kon wees wat lewe gee aan ons aarde nie en dat ons oneindig ver van ons son verwyder was, maar om een of ander rede het ek diep in my hart geweet dat dit ’n son was net soos ons s’n, ’n duplikaat daarvan. ’n Polsende, opgewonde gevoel het met ekstase in my hart opgewel: die krag van ’n lig, soortgelyk aan dié wat my op aarde lig gegee het, het in my hart ’n eggo laat opklink en ek het ’n sensasie gevoel van lewe, die ou lewe van die verlede, vir die eerste keer sedert ek in die graf is.

“Maar as dit die son is, as dit presies dieselfde as ons son is,” het ek uitgeroep, “waar is die aarde dan?”

En my metgesel het na ’n ster gewys wat in die verte met ’n smaraggroen lig skitter. Ons was reguit op pad soontoe.

“En is sulke dupliserings in die heelal moontlik? Kan dit die wet van die Natuur wees? ... En as dit ’n aarde is daar oorkant, kan dit presies dieselfde aarde wees as ons s’n? ... presies dieselfde, net so armsalig, net so ongelukkig, maar ewig kosbaar en geliefd, ’n aarde wat selfs in die mees ondankbare van haar kinders dieselfde skrynende liefde laat ontbrand soos dié wat ons vir ons eie aarde voel?” Ek het ’n onwillekeurige vreugdekreet geuiter, ’n kreet van ekstatiese liefde vir die ou vertroude aarde wat ek verlaat het. Die beeld van die arme kind wat ek weggejaag het, het vir ’n oomblik by my gespook.

“Jy sal dit alles sien,” het my metgesel geantwoord, en daar was ’n ondertoon van hartseer in sy stem.

Maar ons het die planeet vinnig genader. Dit het voor my oë gegroei; ek kon alreeds die oseaan uitmaak, die buitelyne van Europa; en skielik het ’n groot en heilige jaloesie my oorweldig.

“Hoe kan dit gedupliseer wees en om watter rede? Ek kan enkel en alleen die aarde liefhê wat ek verlaat het, ’n aarde bevlek met my bloed, omdat ek in my ondankbaarheid my lewe uitgedoof het deur ’n koeël in my hart. Maar ek het nog nooit, nooit opgehou om

daardie aarde lief te hê nie en miskien het ek dit die liefste gehad juis op daardie aand toe ek dit verlaat het. Is daar lyding op hierdie nuwe aarde? Op ons aarde kan ons slegs met lyding en deur lyding liefhê. Ons kan op geen ander wyse liefhê nie en ons ken ook geen ander soort liefde nie. Ek wil ly ten einde te kan liefhê. Trouens, op hierdie oomblik smag ek daarna om die aarde wat ek verlaat het met my trane te soen, en ek wil nie op ’n ander aarde lewe nie, ek sal dit nie aanvaar nie!”

Maar my metgesel het my alreeds verlaat. Ek het my skielik, sonder dat ek presies weet hoe dit gebeur het, op hierdie ander aarde bevind, in die helder lig van ’n sonnige dag, lieflik soos die paradys. Ek veronderstel dat ek op een van die eilande gestaan het wat op ons planeet deel uitmaak van die Griekse eilandgroep, of op die kus van die vasteland wat op die eilande uitkyk. En o, alles was presies soos by ons, net alles het ’n feestelike stemming uitgestraal, die glansrykheid van ’n groot, heilige oorwinning wat uiteindelik behaal is. Die see, groen soos smarag, het sag teen die strand geplas, dit geliefkoos en met oorgawe gesoen. Die pragtige, groot bome het in die volle glorie van hulle blommekleed gestaan en ek is seker hulle ontelbare blare het my gegroet met ’n sagte, strelende geritsel terwyl dit klink asof hulle liefdeswoorde fluister. Op die gras het helder, welriekende blomme geglinster. Swerms voëls het in die lug gevlieg en vreesloos op my skouers en arms kom sit terwyl hulle my liefdevol met hulle sagte, fladderende vlerke streel. En uiteindelik het ek die mense van hierdie gelukkige land gesien en leer ken. Hulle het uit hulle eie na my toe gekom, ’n kring om my gevorm en my gesoen. Die kinders van die son, die kinders van hulle son – o, hoe pragtig was hulle! Nooit het ek op ons eie aarde sulke mooi mense gesien nie. Miskien net onder ons kinders, wanneer hulle nog baie jonk is, vind ’n mens die flouste afskynsel van hierdie skoonheid. Die oë van hierdie gelukkige mense het helder en suiwer geskitter. Hulle gesigte het gestraal met die lig van die rede, vol kalmte wat spruit uit volmaakte kennis, maar daardie gesigte was vrolik; in hulle woorde en stemme het kinderlike vreugde weerklink. O, van die eerste oomblik, vandat ek hulle die eerste keer gesien het, het ek dit alles verstaan! Dit was die aarde onbevlek deur die sondeval; hier het mense gewoon wat nog nooit gesondig het nie. Hulle het in presies dieselfde paradys gewoon waarin ons voorgeslagte volgens alle legendes van die mensdom gewoon het voordat hulle sonde gedoen het; die enigste verskil was dat die hele wêreld hier die paradys was. Hierdie laggende, gelukkige mense het om my saamgedrom en my omhels; hulle het my saam met hulle huis toe geneem en ’n ieder en ’n elk het probeer om my gerus te

stel. O, hulle het my geen vrae gevra nie, maar ek dink hulle het alles geweet sonder om te vra en hulle wou so gou as moontlik alle tekens van lyding wat nog op my gesig te bespeur was, uitwis.

IV

En weet u wat? Wel toegegee dat dit net ’n droom was, het die sensasie van liefde vir daardie onskuldige en pragtige mense nogtans vir altyd deel van my gebly en dit voel vir my asof hulle liefde nog steeds na my toe oorvloei van daar anderkant. Ek het hulle self gesien, ek het hulle leer ken en ek het oortuig geraak; ek het hulle liefgehad, ek het agterna na hulle verlang. O, ek het dit dadelik besef, selfs toe al, dat ek baie dinge aangaande hulle nooit sou verstaan nie; as ’n tipiese moderne Rus en veragtelike, progressiewe St. Petersburger het dit vir my onverklaarbaar gelyk dat, ten spyte van al hulle kennis, hulle nie soos ons, enige vorm van wetenskap geken het nie. Maar ek het gou besef dat hulle kennis verwerf en gekoester word deur ’n intuïsie anders as dié van ons op aarde en ook dat hulle aspirasies heeltemal van ons eie verskil. Hulle het niks begeer nie en het in volslae tevredenheid geleef; hulle het geen kennis van die lewe, soos ons dit verstaan, begeer nie, omdat hulle vervulde lewens gelei het. Maar hulle kennis was van ’n hoër en dieper aard as ons s’n; want ons wetenskap poog om die lewe te verklaar, poog om dit te verstaan met die opset om ander te leer liefhê, terwyl hulle sonder wetenskap weet hoe om te lewe; en dit het ek verstaan, maar hulle kennis kon ek nie peil nie. Hulle het my hulle bome gewys en ek kon nie die intense liefde begryp waarmee hulle daarna kyk nie; dit was asof hulle met wesens soos hulleself kommunikeer. En miskien sal dit nie verkeerd wees as ek beweer dat hulle met hulle bome gepraat het nie. Ja, hulle het hulle taal aangeleer en ek is daarvan oortuig dat die bome hulle verstaan het. Hulle het die hele natuur op daardie wyse bejeën – al die diere wat in liefde en vrede met hulle saamgeleef het sonder om hulle aan te val, is getem deur hulle liefde. Hulle het na die sterre gewys en my dinge daarvan vertel wat ek nie kon verstaan nie, maar ek is seker dat hulle op die een of ander manier in kontak was met die sterre, nie net telepaties nie, maar deur een of ander lewende kanaal. O, hierdie mense het nie daarop aangedring dat ek hulle moet verstaan nie, hulle het my ten spyte van my onbegrip liefgehad, maar ek het geweet dat hulle my nooit sou verstaan nie en daarom het ek byna nooit met hulle oor ons aarde gepraat nie. Ek het slegs in hulle teenwoordigheid die aarde waarop hulle woon, gesoen en hulle woordeloos vereer. En hulle het dit gesien en my

toegelaat om hulle te vereer sonder om verleë te voel oor my bewondering, want hulle het self oorvloedig liefgehad. Hulle was nie ongelukkig vir my onthalwe wanneer ek soms met trane hulle voete gesoen het nie, vreugdevol bewus van die liefde waarmee hulle op my liefde sou reageer. Soms het ek myself vol verwondering afgevra hoe hulle dit reggekry het om nooit aanstoot te gee aan ’n kreatuur soos ek nie en om nooit die gevoel van afguns by my te wek nie? Dikwels het ek gewonder hoe ek dit reggekry het om, selfgenoegsame en leuenagtige mens wat ek was, nooit met hulle te praat oor wat ek weet nie – waarvan hulle natuurlik geen benul gehad het nie – dat ek nooit in die versoeking verval het om hulle te beïndruk of selfs te help nie.

Hulle was so gelukkig en spelerig soos kinders. Hulle het deur hulle pragtige woude en bosse gewandel, hulle het hulle lieflike liedere gesing; hulle het die vrugte van hulle bome, die heuning uit hulle woude en die melk van die diere wat hulle liefgehad het, geëet en gedrink. Die werk wat hulle vir voedsel en kleding gedoen het, was lig en kort van duur. Hulle het kinders verwek en hulle liefgehad, maar ek het nooit in hulle daardie wrede begeerte opgemerk wat die meeste mense hier op aarde oorval nie, ’n ieder en ’n elk, en wat die oorsprong is van byna alle soorte sondes wat die mens op aarde pleeg. Hulle was verheug oor die aankoms van ’n nuwe baba as ’n nuwe wese wat in hulle vreugde kon deel. Daar was geen stryd en geen afguns onder hulle nie en hulle het nie eens die betekenis van dié woorde geken nie. Hulle kinders het aan almal gemeenskaplik behoort, want hulle was een gelukkige familie. Daar was baie min siekte onder hulle, alhoewel daar dood was; maar hulle ou mense het in vrede gesterf, asof hulle in ’n diep slaap val nadat hulle dié wat hulle omring geseën en hulle met ’n glimlag op hulle gesigte vir oulaas gegroet het. Ek het nooit enige hartseer of trane by sulke geleenthede gesien nie, maar net liefde wat aan ekstase gegrens het, hoewel ’n kalm ekstase, volmaak en beskouend. ’n Mens sou kon glo dat hulle na sy dood nog steeds in kontak was met die afgestorwene en dat hulle aardse verbondenheid nie deur die dood afgebreek is nie. Hulle het skaars verstaan toe ek hulle uitvra oor onsterflikheid, maar ooglopend was dit vir hulle so vanselfsprekend dat hulle dit nooit in twyfel getrek het nie. Hulle het geen tempels gehad nie, maar hulle het ’n lewende en volmaakte eenheid met die heelal gevoel; hulle het geen geloofsbelydenis gehad nie, maar wel die volslae sekerheid dat wanneer hulle aardse vreugde die einde van sy tydelike bestaan bereik het, daar vir hulle, vir sowel die lewendes as die dooies, ’n nog groter en suiwerder kontak met die heelal sal kom. Hulle het met vreugde, maar sonder haas daarna

uitgesien, sonder om daarna te verlang, maar vermoedelik het hulle ’n vermoede daarvan in hulle harte gehad, waarvan hulle soms met mekaar gepraat het.

Saans voor slaaptyd het hulle graag op musikale en harmonieuse wyse in ’n koor gesing. In daardie gesange het hulle alle emosies wat die afgelope dag gebring het, verwoord, hulle het die dag se vreugdes besing en van hom afskeid geneem. Hulle het die lof van die natuur, die see en die woude besing. Hulle het daarvan gehou om liedere oor mekaar te maak waarin hulle mekaar prys soos kinders; dit was die mees eenvoudige liedere, maar dit het uit die hart gekom en ’n mens aan die hart gegryp. En nie net in hulle liedere nie, maar ook in hulle hele lewe het dit gelyk asof hulle niks anders doen as om mekaar te bewonder nie.Dit was asof hulle op mekaar verlief was, maar met ’n alles-omvattende, universele liefde.

Sommige van hulle gewyde geestelike liedere kon ek skaars verstaan. Hoewel ek die woorde verstaan het, kon ek nooit die volle betekenis daarvan peil nie. Dit het bokant my begrip gebly, maar my hart het dit al hoe meer en meer ingedrink. Ek het dikwels vir hulle gesê dat ek in die allervroegste tye ’n vermoede daarvan moes gehad het, dat die onbewuste kennis van hierdie vreugde en glorie op aarde die vorm aangeneem het van ’n smagtende melankolie wat by tye ’n onuitspreeklike hartseer geword het; dat ek ’n voorgevoel gehad het van hulle almal en van hulle heerlikheid in die drome van my hart en die visioene van my siel; dat ek dikwels op ons aarde nie na die sonsondergang kon kyk sonder trane in my oë nie ... dat daar in my haat vir die mense op aarde altyd ’n teisterende verlange teenwoordig was: hoekom kon ek hulle nie haat sonder om hulle lief te hê nie? hoekom kon ek nie help om hulle te vergewe nie? en in my liefde vir hulle was daar ’n hunkerende hartseer: hoekom kon ek hulle nie liefhê sonder om hulle te haat nie? Hulle het na my geluister en ek kon sien dat hulle nie verstaan wat ek sê nie, maar ek is nie jammer dat ek hulle daarvan vertel het nie: ek weet dat hulle die hewigheid van my verlangende smart oor diegene wat ek verlaat het, verstaan het. Maar wanneer hulle na my gekyk het met daardie pragtige oë vol liefde, wanneer ek gevoel het dat my hart in hulle teenwoordigheid ook so onskuldig en regverdig word soos hulle s’n, dan het die besef van die volheid van die lewe my asem weggeslaan en ek het hulle in stilte bewonder.

Ag, nou lag almal in my gesig en verseker my dat ’n mens nie sulke besonderhede en emosies soos dié waarvan ek nou vertel, in drome kan ervaar nie en dat ek alles waarvan ek vertel, versin en dat dit

die produk is van hallusinasies en dat ek die besonderhede opgemaak het toe ek wakker word. En toe ek vir hulle sê dat dit dalk regtig so was, Here, toe skree en lag hulle in my gesig, ek het ’n ware opskudding veroorsaak! O ja, natuurlik was ek oorweldig deur die blote sensasie van my droom en dit was al wat in my diepverwonde hart oorgebly het; maar die ware vorme en beelde van my droom, dit is nou daardie presiese vorme en beelde wat ek tydens my droom gesien het, was so harmonieus, so pragtig en aanloklik en realisties, dat ek natuurlik nie in staat was om hulle in ons ontoereikende taal in te klee toe ek wakker word nie, sodat hulle dof geword het in my geestesoog; en miskien moes ek daarom noodgedwonge later sekere besonderhede versin in my ywer om dit wat ek beleef het so vinnig as moontlik aan ander oor te vertel. Maar aan die ander kant, hoe kan ek help om te glo dat dit alles waar was? Dit was dalk net ’n duisend keer helderder, gelukkiger en vreugdevoller as wat ek dit kan beskryf. Toegegee – ek het dit gedroom, maar dit moes eenvoudig werklik gewees het. U weet, kom ek vertel u ’n geheim: miskien was dit glad nie ’n droom nie! Want daarna het iets so verskriklik gebeur, iets so afgryslik wáár, dat dit nie deur ’n droom kon opgetower wees nie. Die droom kon wel sy oorsprong in my hart gehad het, maar sou my hart alleen so ’n verskriklike gebeurtenis kon optower? Hoe sou ek dit op my eie kon uitdink of dit selfs in ’n droom kon verbeel? Kon my nietige hart en wispelturige, doodgemiddelde gemoed in staat wees tot so ’n verhewe openbaring van die waarheid? O, besluit vir uself: tot nou toe het ek dit verswyg, maar nou sal ek die waarheid vertel. Die waarheid is dat ek ... hulle almal verontreinig het!

V

Ja, ja, die uiteinde was dat ek hulle almal verontreinig het! Hoe dit kon gebeur het, weet ek nie, maar ek onthou dit duidelik. Die droom het duisende jare omvat en het my slegs met ’n gevoel van die geheel gelaat. Ek weet net dat ek die oorsaak was van hulle sonde en verval. Soos ’n lae harige wurm, soos die kiem van die pes wat koninkryke aansteek, so het ek die hele aarde, wat voor my koms so gelukkig en sondeloos was, besoedel. Hulle het leer lieg, daarvan begin hou om te lieg en hulle het die bekoring van valsheid ontdek. Ag, aan die begin het dit miskien onskuldig begin, met ’n grappie, flankeerdery, ’n bietjie vryery, miskien inderdaad met ’n kiem, maar daardie kiem van valsheid het sy weg na hulle harte gevind en hulle bekoor. Wellus is spoedig gebore, wellus het jaloesie voortgebring, jaloesie – wreedheid ... Ag, ek weet nie, ek kan nie onthou nie; maar gou, baie gou het die eerste bloed gevloei. Hulle was verskrik en het in verwondering gestaar en daar het onenigheid en verdeeldheid

gekom. Hulle het verenigings gestig, maar dit was teen mekaar. Verwyte, berispings het gevolg. Hulle het skande leer ken en skande het deugde geïmpliseer. Die konsep van eer het ontstaan en elke vereniging het sy eie vlag laat wapper. Hulle het diere begin mishandel en die diere het van hulle af weggevlug die woude in waar hulle wild en vyandig geraak het. Hulle het begin veg vir afsondering, vir isolasie, vir individualiteit, vir myne en joune. Hulle het verskillende tale begin praat. Hulle het kennis gemaak met hartseer en dit begin geniet; hulle het ’n ewige dors vir lyding begin ontwikkel en beweer dat die waarheid slegs deur lyding gevind kan word. Toe het wetenskap sy verskyning gemaak. Toe hulle boos geword het, het hulle begin praat oor broederskap en humanisme en hulle het daardie idees verstaan. Soos hulle misdadig geword het, het hulle geregtigheid uitgevind en op regskodes staat gemaak om dit te omskryf en om toe te sien dat geregtigheid geskied, het hulle ’n guillotine opgerig. Hulle kon skaars onthou wat hulle verloor het, trouens, hulle het geweier om te glo dat hulle ooit gelukkig en onskuldig was. Hulle het selfs gelag oor die moontlikheid van hierdie eertydse geluk en het dit as ’n droom afgemaak. Hulle kon hulle dit nie eens in ’n definitiewe toestand of vorm voorstel nie, maar snaaks en wonderbaar genoeg, hoewel hulle hulle vertroue in hulle eertydse geluk verloor het en dit as ’n legende beskou het, het hulle so verlang om weer gelukkig en onskuldig te wees dat hulle aan hierdie verlange toegegee het soos kinders, dit verafgood het, tempels opgerig het en hulle eie idee, hulle eie begeerte aanbid het; maar terselfdertyd het hulle vas geglo dat dit onbereikbaar is en dat ’n toestand van geluk nooit verwesenlik kon word nie en nogtans het hulle voor die idee neergebuig en dit met trane aanbid! Nietemin, as dit sou kon gebeur dat hulle kon terugkeer na die onskuldige en gelukkige toestand wat hulle verloor het en indien iemand dit weer aan hulle kon toon en hulle sou vra of hulle dit wou terughê, sou hulle beslis geweier het. Hulle het my geantwoord:

“Ons mag wel vals, boos en onregverdig wees, ons weet dit en huil daaroor, ons treur daaroor; ons kwel en straf onsself dalk meer daaroor as wat daardie regverdige Regter wie se naam ons nie ken nie, ons eendag sal straf. Maar ons beskik oor wetenskaplike kennis met behulp waarvan ons die waarheid sal vind, sal weet dat dit inderdaad die waarheid is. Kennis is meer verhewe as emosie, kennis van die lewe is meer verhewe as die lewe. Wetenskap sal ons wysheid gee, wysheid sal die wette aan ons openbaar en kennis van die wette van geluk is belangriker as geluk self.”

Dit is wat hulle gesê het en nadat hulle allerhande sulke dinge kwytgeraak het, het elkeen begin om homself liewer te hê as enige iemand anders op aarde en inderdaad, dit kon ook nie anders nie. Almal het so jaloers oor hulle eie regte begin waak dat hulle hulle uiterste gedoen het en dit hulle hoofdoel in die lewe gemaak het om die regte van ander te onderdruk en te vernietig. Slawerny het gevolg, selfs vrywillige slawerny; die swakkes het gretig voor die sterkes geswig op voorwaarde dat laasgenoemdes hulle help om die nog swakkeres te onderdruk. Toe was daar heiliges wat hierdie mense besoek het, huilend, en met hulle kom praat het oor hulle hoogmoed of hulle gebrek aan eensgesindheid, onderlinge verhoudings of hulle verlies van skaamte. Hulle is uitgelag of onder die klippe gesteek. Heilige bloed is vergiet op die drumpels van die tempels. Toe het daar manne verskyn wat gepoog het om weer alle mense bymekaar te bring sodat almal, hoewel hulle nog hulleself die liefste gehad het, hulle nie met ander se sake sou bemoei nie en alle mense in vrede kon saamleef in iets soos ’n eensgesinde samelewing. Oor hierdie ideologie het oorloë gereeld uitgebreek. Al die vegters was op dieselfde tydstip vas oortuig daarvan dat wetenskap, kennis en die selfbeskermingsdrang mense sou forseer om uiteindelik te verenig in ’n harmonieuse en rasionele samelewing; en intussen, om sake te bespoedig, het “die wyses” onderneem om die “nie-wyses” so vinnig as moontlik uit te wis en hulle kon glad nie verstaan dat laasgenoemdes dalk glad nie hulle oorwinning in die wiele sou gery het nie. Maar die selfbeskermingsdrang het vinnig swakker begin word; daar het manne opgestaan, hoogmoedig en emosioneel, wat alles of niks geëis het. Ten einde alles in te palm, het hulle hulle gewend tot kriminaliteit en as hulle nie in hulle doelwitte geslaag het nie – tot selfmoord. Daar het religieë ontstaan met kultusse van nie-bestaan en selfvernietiging ter wille van ewigdurende vrede of verdelging. Ten einde laaste het hierdie mense moeg geword vir hulle doellose geswoeg en tekens van lyding het in hulle gesigte begin wys en toe het hulle verklaar dat lyding ’n vorm van skoonheid is, want slegs in lyding kon betekenis gevind word. Hulle het lyding in hulle liedere besing. Ek het handewringend tussen hulle beweeg en oor hulle gehuil, maar ek het hulle dalk liewer gehad as in die ou dae toe daar geen lyding op hulle gesigte te bespeur was nie en hulle onskuldig en lieflik was. Ek het die aarde wat hulle besoedel het dalk liewer gehad as toe dit ’n paradys was, heel waarskynlik omdat verdriet deel geword het daarvan. Helaas, ek het altyd ’n voorliefde vir verdriet en beproewing gehad, maar net vir myself; maar ek het oor hulle gehuil, hulle bejammer. Ek het my hande in wanhoop na hulle uitgesteek, terwyl ek myself verwyt, vloek en verag. Ek het vir hulle

gesê dat dit alles my skuld is, net myne, dat dit ek was wat korrupsie, besoedeling en valsheid oor hulle gebring het. Ek het hulle gesmeek om my te kruisig, ek het hulle geleer hoe om ’n kruis te maak. Ek kon myself nie om die lewe bring nie, ek het nie die krag gehad nie, maar ek wou deur hulle hande lyding ontvang. Ek het gesmag na lyding, ek het daarna verlang om tot die laaste druppel bloed leeg te bloei in hierdie smart. Maar hulle het my net uitgelag en het my uiteindelik as kranksinnig begin beskou. Hulle het my verdedig, verklaar dat hulle maar net hulle verdiende loon gekry het en dat alles wat gebeur het, nooit anders kon gewees het nie. Uiteindelik het hulle verklaar dat ek nou ’n gevaar vir die samelewing word en dat hulle my in ’n malhuis sou opsluit indien ek nie my mond hou nie. Toe het my siel so diep bedroef geraak dat dit gevoel het asof ek sterwe en toe ... toe word ek wakker.

Dit was oggend, of eintlik, dit was nog nie lig nie, maar amper sesuur. Ek het in dieselfde leunstoel wakker geword; my kers het uitgebrand; in die kaptein se kamer was almal aan die slaap en daar was algehele stilte, ’n rariteit in ons woonstel. Heel eerste het ek in volslae verbasing opgespring: niks soortgelyks het nog ooit met my gebeur nie, nie eens in die mees triviale besonderhede nie; ek het byvoorbeeld nog nooit so in my leunstoel aan die slaap geraak nie. Terwyl ek daar staan en bietjie vir bietjie bykom, het ek skielik die rewolwer daar sien lê, gelaai, gereed – maar dadelik het ek dit weggestoot! O, nou, lewe, lewe! Ek het my hande in die lug gegooi en die ewige waarheid aangeroep, nie met woorde nie, maar met trane; ekstase, onbeskryflike ekstase het my siel oorstroom. Ja, lewe en die bring van die blye boodskap! O, op daardie oomblik het ek myself voorgeneem om die boodskap te versprei, ’n besluit wat vir die res van my lewe moes geld. Ek gaan die boodskap bring, ek wil die boodskap bring – waarvan? Van die waarheid, want ek het dit gesien, ek het dit met my eie oë gesien, ek het dit in sy volle glorie gesien.

En sedert daardie dag het ek gepreek! Wat meer is, ek het almal wat vir my lag, selfs liewer as die res. Hoekom dit so is, weet ek nie en ek kan dit ook nie verklaar nie, maar so is dit. Nou word ek daarvan beskuldig dat ek vaag en verward is en as ek nou al vaag en verward is, hoe sal ek lateraan wees? Dit is inderdaad waar: ek is vaag en verward en miskien sal ek erger word soos die tyd aanstap. En natuurlik sal ek foute maak voordat ek leer om behoorlik te preek, dit is nou, voordat ek uitvind watter woorde om te gebruik, watter dinge om te doen, want dit is ’n baie moeilike

opdrag. Ek sien dit alles so helder soos daglig, maar luister, wie van ons maak nooit foute nie? En tog, weet u, almal stuur op dieselfde doelwit af, almal streef in elk geval in dieselfde rigting, van die wysgeer tot by die laagste rower, slegs die roete verskil. Dit is ’n ou wysheid, maar dít is wat nuut is: ek kan nie ver van die pad afdwaal nie. Want ek het die waarheid gesien; ek weet en het gesien dat mense mooi en gelukkig kan wees sonder om die vermoë om op die aarde te woon, te verloor. Ek kan en wil nie glo dat boosheid die normale toestand van die mens op aarde is nie. En dit is juis hierdie geloof van my wat hulle uitlag. Maar hoe kan ek help om dit te glo? Ek het die waarheid gesien – dit is nie asof ek dit in my gedagtes versin het nie, ek het dit gesien, gesien en die lewende beeltenis daarvan het my siel vir ewig vervul. Ek het dit so in sy volle glorie gesien, dat ek nie kan glo dat mense dit onmoontlik vind om so te leef nie. En dus, hoe kan ek ’n fout maak? Ek sal beslis ’n klein foutjie hier en daar maak, en miskien sal ek in tweedehandse taal praat, maar nie vir lank nie: die lewende beeltenis van wat ek gesien het, sal my vir ewig bybly en sal my altyd reghelp en lei. O, ek is vol moed en ywer vir die taak en ek sal voortgaan en voortgaan, al is dit vir ’n duisend jaar. Weet u, aanvanklik het ek my voorgeneem om die feit dat ek hulle verontreinig het, te verdoesel, maar dit was ’n fout – dit was my eerste fout! Maar my gewete het my aangekla dat ek besig was om te lieg en my sodoende bewaar en na die regte pad teruggelei. Maar hoe om die paradys teenwoordig te stel – ek weet nie, want ek weet nie hoe om dit in woorde in te klee nie. Na my droom het ek my vermoë om woorde te gebruik, verloor. In elk geval al die belangrikste woorde, die nodigste woorde. Maar, moenie bekommerd wees nie, ek sal voortgaan om te praat, ek sal nie ophou nie, want ek het dit in elk geval met my eie oë gesien, al kan ek nie beskryf wat ek gesien het nie. Maar die spotters verstaan dit nie. Hulle sê dit was ’n droom, ’n delirium, ’n hallusinasie. Ag! Asof dit nou so belangrik is! En hulle is so trots daarop! ’n Droom! Wat is ’n droom? En is ons hele lewe dan nie ’n droom nie? Ek sal dit verder voer. Veronderstel dat hierdie paradys nooit sal kom nie (dit verstaan ek), dan sal ek nogtans aanhou om dit te verkondig. En tog, hoe eenvoudig: in een dag, in een uur kan dit alles gereël word! Die hoofsaak is om jou naaste net so lief te hê soos jouself, dit is die belangrikste, en dit is alles; niks anders word verlang nie – mens sal onmiddellik uitvind hoe om dit alles te doen. En tog is dit ’n ou wysheid wat al ’n biljoen keer oor en oor vertel is – maar dit het nog nie deel van ons lewens geword nie! Die bewustheid van lewe word steeds hoër geag as die lewe self, kennis van die wette van geluk word hoër geag as geluk – dit is waarteen ’n mens moet waak. En ek sal. As almal dit maar net begeer, kan dit oombliklik gereël word.

En ek het daardie klein meisietjie opgespoor ... en ek sal aanhou en aanhou!

Bronteks:

DOSTOEVSKY, FYODOR. The dream of a ridiculous man. Vert. Constance Garnett. [Web]: Kessinger Publishing. http://www.kessinger.net